Laer Volkskool Heidelberg
Tel.: (016) 341 6216/7
Faks.: (016) 341 2900
Posbus 84, Heidelberg, GP, 1438
E-pos: volkies@laervolkskool.co.za
Voortrekkerstraat 15,
Hoof: strydompiet@mweb.co.za
Heidelberg, GP, 1441
Webblad: www.laervolkskool.co.za

**27 Mei 2026**

**Beste Volkie Ouers**

## WINTERKUIER

Ons sien baie uit na die Winterkuier wat **Vrydagaand, 29 Mei 2026** plaasvind. Daar is nog kaartjies vir die kuier beskikbaar en daar sal ook by die hekke kaartjies te koop wees: R150 vir volwassenes en hoërskoolleerders, R100 vir laerskoolleerders en voorskoolse maats is gratis. Kontak asseblief vir mev. Rozel Janse van Rensburg vir enige navrae.

## FONDSINSAMELING EN KAARTJIE VERKOPE

Groot waardering vir elke ouer wat ons skitterend ondersteun het met die fondsinsamelingsprojek. U is sterre! Ons het dus Vrydag, 29 Mei 2026, ʼn **pretdag** waar ons regtig net lekker aktiwiteite met ons leerders gaan doen. **Die skool verdaag ook 12:00 vir ons leerders**. Ons gaan ook ʼn **massabraai** hou waar ons vir elke leerder ʼn boereworsrol gaan braai teen R15-00. Antwoord asseblief op die Google vorm wat aan ons ouers gestuur is om die **getalle te bevestig.**

## KUBERKRAKERS

Die Department van Onderwys se selfoon-struktuur is deur kuberkrakers oorgeneem. Daardeur kry hul toegang tot die onderwys-personeel. Vandaar beweeg hul na ons ouer-gemeenskap. **Vermy asseblief enige vreemde boodskappe rakende ZOOM vergaderings of versoeke (moet geen boodskap oopmaak nie)**. Kontak ons indien u enige vreemde boodskappe ontvang en daar onduidelikheid is. Daar het reeds van ons ouers vreemde boodskappe ontvang.

## SPORT

Ons ligas is afgehandel vir ons rugby en netbal. Al 5 ons **rugbyspanne kwalifiseer vir die semi-finale**. Die **O/11-Netbalspan** is ook in die **semi-finaal**. Groot waardering vir elke ouer wat ons spanne op ʼn positiewe manier ondersteun het. U is die hart van ons skool en ons gemeenskap.

Laer Volkskool Heidelberg
Tel.: (016) 341 6216/7
Faks.: (016) 341 2900
Posbus 84, Heidelberg, GP, 1438
Voortrekkerstraat 15,
Heidelberg, GP, 1441
E-pos: volkies@laervolkskool.co.za
Hoof: strydompiet@mweb.co.za
Webblad: www.laervolkskool.co.za

## VOLKIE NUUSFLITS

**Buitesportprestasies**, vergesel deur 'n foto en kort berig, kan gerus aan mev. Rozel Janse van Rensburg (**rozelj@lvvolkies.co.za**) gestuur word om in ons kwartaallikse koerantjie te plaas. Die sluitingsdatum vir berigte is Woensdag, **10 Junie 2026.**

## PROGRAM VIR DIE WEEK

| DATUM | AKTIWITEIT | WAAR |
|---|---|---|
| 29 Mei | Winterkuier | LVH rugbyveld |
| 30 | Fietsryliga 2 | |
| | Interskole Redenaars (Afrikaans) | |
| | Mini-rugby en -netbal | L/s Risiville |
| 1 Junie | EKSAMEN: GR 7 – EBW | |
| 2 | EKSAMEN: GR 4 & 6 – NW en TEG | |
| | EKSAMEN: GR 5 – GESKIEDENIS | |
| | EKSAMEN: GR 7 – TEGNOLOGIE | |
| 3 | Rugby: Semi-finle | |
| | EKSAMEN: GR 4 & 5 – LV | |
| | EKSAMEN: GR 6 – GESKIEDENIS | |
| | EKSAMEN: GR 7 – LO | |
| 4 | Rugby: Semi-finale | |
| | EKSAMEN: GR 6 & 7 – WISKUNDE 1 | |
| 5 | Netbal uitspele | H/s Transvalia |
| | EKSAMEN: GR 4 & 5 – WISKUNDE 1 | |
| | Gholf | L/s Die Arend |
| 6 | Netbal uitspele | H/s Transvalia |

**MNR. P. STRYDOM**
**HOOF**